

# KOERSVAS

Jaargang 5      Uitgawe 120  22 September 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel


Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Wat maak ons daarvan

Tussen Sondag 24 September en Maandag 25 September gaan daar gebraai word. Erfenisdag se aard het in die afgelope paar jaar opmerklik verander. Die dag is aanvanklik as vakansiedag geproklameer om die diversiteit van kulture wat saam bou aan die sogenoemde reënboognasie te gedenk en te vier. Die dag se viering is dan ook om erkenning te gee aan almal se bydrae tot die bou van die nuwe RSA.

Getrou aan die handelswêreld, en in die besonder die reclamebedryf, is die tema van braai aan die dag gekoppel. 'n Tema maak bemarking maklik en bevorder besteding deur die verbruikers. Suksesvolle reklame veldtogte het tot gevolg dat die meeste mense Erfenisdag verstaan as nasionale braaidag. Elkeen braai dan op sy eie manier volgens eie smaak en tradisie 'n vleisie. Sommiges volstaan met wors, ander braai 'n verskeidenheid van vleise en snitte. Sommige mense braai oor kole, ander oor oop vlamme. En daar word saamgekuier. Die huidige inkleur van hierdie dag is verwyderd van sy oorsprong en bedoeling. Voor 1995 het Erfenisdag in KwaZulu-Natal bekendgestaan as Shaka-dag, ter herinnering aan die Zulu koning Shaka (c.



1787 – 22 September 1828). Shaka Zulu is die legendariese koning wat 'n sentrale rol gespeel het in die vereniging van uiteenlopende stamme tot een samehorige Zulu-nasie. Daar word ook verskeie militêre innovasies aan hom toegedig. Die sluipmoord op Shaka is uitgevoer deur sy twee half-broers Dingaan en Mhlangana. Eersgenoemde sou later Piet Retief en sy afvaardiging van ongeveer een honderd man vermoor; asook die opdrag gee vir die moorde van meer as vyf honderd Voortrekkers by plekke soos Doringkop, Bloukrans, Moordspruit en Rensburgspruit. Die slag by Bloedrivier was die begin van die einde vir Dingaan. Shaka se nalatenskap het deur die jare gegroeи en dit sou nie verkeerd wees om te stel dat die heldeverering van Shaka sy suksesse oortref nie. In herinnering aan dit wat Shaka reggekry het, het die Zulu koning en ander hooggeplaasdes op 24 September by Shaka se graf in Stanger bymekaar gekom en sy nalatenskap gevier.

Met die oorgang van die ou bedeling na die nuwe bedeling was daar in 1995 die "Publieke vakansiedae wetsontwerp" voorgestel. Shaka-dag was nie deel van die beplanning te opsigte van vakansiedae en skooltermyne nie. Die IVP (Inkatha Vryheid Party) wat merendeels uit Zulu's bestaan,

het beswaar aangeteken teen die wet. Die party en die Parlement het in onderhandelings 'n skikking bereik om die dag te behou, maar die benaming te verander – Erfenisdag. Die skikking het die Zulu's die geleentheid gegee om die dag steeds te vier. Nie veel het gekom van die geleentheid nie en daar is massas mense in KwaZulu-Natal wat nie eens weet waar die dag sy oorsprong het nie.

Vergelyk die Zulu's se hantering van die vakansiedag met die ANC se hantering van Jeugdag. Die dag het sy oorsprong in die Soweto opstande van 16 Junie 1976. Al is die dag 'n ander naam gegee, word die dag na sy oorspronklike politieke opstandige aard gevier en word daar gereeld op openbare platforms met blankes en spesifiek Afrikaners baklei gedurende vieringe van die dag.

Terug by Erfenisdag en die historiese dae wat volg. Ons kan kies hoe ons die dae wil inkle. Ons kan kies wat ons van die verlede wil onthou en hoe ons dit wil onthou. Daar is niks fout daarvan om die dag as braai geleentheid te sien nie, ons moet net begrip toon indien die Zulu's dit anders wil vier. 10 Oktober se Krugerdag en Stigtersdag (Jan van Riebeeck 6 April 1652) word nie meer amptelik herdenk nie. Gaan ons iets maak van hierdie dae? Die onus rus op ons. Die viering van 16 Desember is ook om die draai. Die slag van Bloedrivier word wel gedenk, net onder 'n ander naam. Versoeningsdag word deur sommige volksgenote as dag gevier waartydens versoening nagestreef word. Ons het die keuse om die dag steeds as Geloftedag te vier, ten spyte van die naam. Diegene wat anders dink, moet ons keuse respekteer om die gedenkdag te vier volgens sy oorsprong.

Wat gaan jy maak van die gedenkdae wat volg?

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **PROF PONT 90**

Pont het op 21 September, 2017 90 jaar oud geword. Baie dankie aan die kerkraad van Hervormde Kerk Meyerspark wat op luisterryke wyse die dag gevier het saam met die Pont gesin.

### **BEROEPENUUS**

Ds Faan Visser van Stilfontein is beroep na Oostelike Pietersburg. Ons gebede is met hom en sy naasbestaandes tydens die oorweging van die beroep.

### **OORNAG FASILITEITE**

#### **Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak  
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by  
**Villa Stoney**  
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### **REFORMASIE 500**

Tydens die afgelope Bondsvergadering, was melding gemaak dat Bondgemeentes in samewerking met ander kerke, hul kerkklokke sal lui op 31 Oktober 2017 om 07:00. Dit sal wyd en syd geskied en kerkklokke sal wêreldwyd beier. Pretoria FM sal op 31 Oktober bydra tot die viering van die Reformasie se 500-jarige bestaan. Op die datum sal tydens die

oggend oordenking 7-voor-7 om 06:59 die klokgelui vanaf die Gereformeerde Kerk Pretoria op die sender netwerk uitgesaai word. Kerke en gemeentes van Kaapstad tot Upington, van Pretoria tot Perth word genooi om daaraan deel te neem. Laat die klokke beier!

### **REFORMASIE 500 - BOEKMERK**

Die GHG het ook besluit om 'n ekstra boekmerk te laat druk om die geleentheid te herdenk. Gemeentes wat nie bestellings geplaas het nie, moet betyds met *Teamwork Printers* kontak maak om vroegtydig u bestellings te plaas.

### **LEWENSBROOD 2018**

Lewensbrood 2018

Lieve lidmate en gemeentes

Dit is al weer tyd om u bestellings vir LEWENSBROOD 2018 - 2019 te plaas. Hierdie boek het 'n gewilde Kersgeskenk geword en ons beplanning is van so 'n aard dat ons die produk vroeg Desember wil afstuur. Enkele sake moet onder u aandag gebring word:

- Dit gaan R 100 per eksemplaar kos.
- Bestellings moet voor of op 16 Oktober 2017 geplaas word by Ella [ella@geloofsbond.org.za](mailto:ella@geloofsbond.org.za) of [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)
- Bestel genoeg eksemplare. Ons kry jaarliks versoek vir nog eksemplare. Die koste verbonde aan die herdruk van die boek is meer as dubbel (ongeveer R280-R320)
- U moet verkieslik by bestelling reeds betaal vir u eksemplare.
- Ons gaan geen LEWENSBROOD aanstuur sonder bewys van betaling nie.
- U word vriendelik versoek om u **betalings te maak aan die GHG.**

Bankbesonderhede

Rekening naam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria-Noord

Takkode: 250 655

- Dui duidelik aan dat die betaling vir Lewensbrood is verwysing LB2018. Die klein winsie wat ons maak, is net genoeg om die fooie verbonde aan die Internet (webwerf en Bakkiesblad) te dek.

- Bewys van u betaling moet aan Ella gestuur word vir kontrole-doeleindes.

[ella@geloofsbond.org.za](mailto:ella@geloofsbond.org.za) of

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

Ons sien uit daarna om weer 'n kwaliteit produk aan ons getroue lesers te stuur.

Dr Johan Otto

Voorsitter Media komitee.

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op whatsapp beskikbaar. Dit sluit in ds Hardie se preek tydens die GHG opening. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### **GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)**

Lootjie vorms is beskikbaar

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107.

### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender

- Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorie boeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

## UITNODIGING: BASAAR

**SUIKERBOSRAND, 30 September 2017**

Ons gemeente hou Basaar op die bogenoemde datum en wil u graag uitnooi om ons te ondersteun in hierdie groot poging. Daar sal genoeg te koop, te eet en te kuier wees.

Die basaar word op ons kerkgrond gehou te H/v Fenter en Merzstraat Heidelberg en begin reeds om 08:00.

Daar is ook twee veilings, 'n lappop en 'n windbuks.

'n Pen gemaak vanuit hout en been word ook aangebied en behoort 'n baie interessante item te wees.

Daar is uitstallers van verskillende maatskappye wat insluit: sonkragtoerusting, elektrisiteitbesparing, watersuiwering en ander items wat boere en dorp bewoners kan besigtig.

Die gewone basaarprodukte soos pannekoek, kerrie en rys, nagereg, braaivleis, produkte, naaldwerk en vele meer sal daar wees.

Vars gebakte brood op die terrein gebak !!  
U ondersteuning en kuier sal hoog waardeer en op prys gestel word.

Vriendelike groete,

Nico van Huyssteen

Skriba

Hervormde Kerk Suikerbosrand

# Lewensbrood

**Prys: R100-00**

**Keerdatum: 16 Oktober 2017**

Bestellings asook betalings vir die Lewensbrood moet by die kantoor gemaak word.